

Pasiëntinligtingsblad

SKEDULERINGSSTATUS

S0

SEPTADINE® ORALE ANTISEPTIKUM (OPLOSSING)

Povidonjodium 1,00 g (1% *m/v*) gelykstaande aan 0,1% *m/v* beskikbare jodium

Bevat 8,5% *v/v* alkohol

Suikervry, kunsmatig versoet

Lees hierdie hele voubiljet noukeurig deur omdat dit belangrike inligting vir u bevat.

SEPTADINE® ORALE ANTISEPTIKUM is sonder 'n dokter se voorskrif vir u beskikbaar om 'n matige siekte te behandel. U moet **SEPTADINE® ORALE ANTISEPTIKUM** nogtans versigtig gebruik om die beste resultate daaruit te verkry.

- Hou hierdie blad. Dit mag nodig wees dat u dit weer moet lees.
- Moenie **SEPTADINE® ORALE ANTISEPTIKUM** vir enige ander persoon gee nie.
- Vra vir u gesondheidsorgverskaffer of apteker as u nog inligting of raad nodig het.
- U moet 'n dokter raadpleeg as u simptome vererger of nie verbeter nie.

Wat in hierdie blad is

1. Wat **SEPTADINE® ORALE ANTISEPTIKUM** is en waarvoor dit gebruik word
2. Wat u moet weet voordat u **SEPTADINE® ORALE ANTISEPTIKUM** gebruik.
3. Hoe om **SEPTADINE® ORALE ANTISEPTIKUM** te gebruik
4. Moontlike nuwe-effekte
5. Hoe om **SEPTADINE® ORALE ANTISEPTIKUM** te bêre
6. Inhoud van die pak en ander inligting

1. WAARVOOR WORD SEPTADINE® ORALE ANTISEPTIKUM GEBRUIK

SEPTADINE® ORALE ANTISEPTIKUM word aanbeveel vir verligting van pynlike infeksies en inflammatoriese toestande van die mond en farinks, en as 'n roetine mondspeelmiddel. Dit kan ook gebruik word vir die voorkoming van infeksies tydens en na mondchirurgie.

2. WAT U MOET WEET VOORDAT U SEPTADINE® ORALE ANTISEPTIKUM GEBRUIK.

Moenie SEPTADINE® ORALE ANTISEPTIKUM gebruik nie:

- as u hipersensitief vir povidonjodium is
- as u verstourings van die skildklier het
- as u goiter het
- as u swanger is of borsvoed

Waarskuwings en voorsorgmaatreëls

Wees veral versigtig met SEPTADINE® ORALE ANTISEPTIKUM

- indien irritasie, swelling of rooiheid voorkom
- as u 'n erge of aanhoudende seer keel het, of 'n seer keel saam met 'n hoë koors, hoofpyn, naarheid en braking.
- as u aan enige skildklierafwykings ly, kan dit met skildklierfunksietoetse inmeng.

Kinders en adolessente

Vir kinders jonger as 3 jaar: Verdun een deel **SEPTADINE® ORALE ANTISEPTIKUM** met drie dele water en verf die mond met behulp van 'n wattepluisie.

Ander medisyne en SEPTADINE® ORALE ANTISEPTIUM

Sê altyd vir u gesondheidsorgverskaffer as u enige ander medisyne gebruik (waaronder alle aanvullende of tradisionele medisyne).

Die opname van jodium vanaf **SEPTADINE® ORALE ANTISEPTIKUM** kan inmeng met skildklierfunksietoetse en kan 'n beplande behandeling van die skildklier met jodium (radiojoodterapie) onmoontlik maak.

Gereelde of langdurige gebruik van **SEPTADINE® ORALE ANTISEPTIKUM** moet vermy word as u litiumterapie ontvang, aangesien dit met litium kan inmeng.

Gebruik van SEPTADINE® ORALE ANTISEPTIKUM saam met kos en drank:

Die gebruik van **SEPTADINE® ORALE ANTISEPTIKUM** saam met kos en drank is nie vasgestel nie.

Swangerskap, borsvoeding en vrugbaarheid

As u swanger is of borsvoed, dink dat u dalk swanger kan wees of beplan om 'n baba te hê, moet u u dokter, apteker of ander gesondheidsorgverskaffer asseblief om advies raadpleeg voordat u hierdie medisyne gebruik.

SEPTADINE® ORALE ANTISEPTIKUM moet nie tydens swangerskap of deur borsvoedende vroue gebruik word nie.

Motorbestuur en gebruik van masjinerie

Dit is nie altyd moontlik om te voorspel tot watter mate **SEPTADINE® ORALE ANTISEPTIKUM** met die daaglikse aktiwiteite van 'n pasiënt kan inmeng nie. Pasiënte moet sorg dat hulle, totdat hulle weet hoe **SEPTADINE® ORALE ANTISEPTIKUM** hulle beïnvloed, nie aan bogenoemde aktiwiteite deelneem nie.

3. HOE OM SEPTADINE® ORALE ANTISEPTIKUM TE GEBRUIK

Moenie medisyne wat vir u voorgeskryf is vir enige ander persoon gee nie.

Gebruik **SEPTADINE® ORALE ANTISEPTIKUM** altyd presies soos wat in hierdie blad beskryf word of soos wat u dokter, of apteker vir u gesê het. Raadpleeg u dokter of apteker as u nie seker is nie.

Moet nie **SEPTADINE® ORALE ANTISEPTIKUM** insluk nie.

As 'n mondspoelmiddel: Verdun een deel van **SEPTADINE® ORALE ANTISEPTIKUM** met twee dele water, spoel mond deeglik uit en spoeg uit, of gebruik soos deur die dokter of tandarts voorgeskryf.

Vir fungusinfeksies in die mond en keel: Gebruik volle sterkte en spoel of gorrel vir 30 sekondes en spoeg dan uit, herhaal elke uur, of soos deur die dokter of tandarts voorgeskryf.

Vir kinders jonger as 3 jaar: Verdun een deel **SEPTADINE® ORALE ANTISEPTIKUM** met drie dele water en verf die mond met behulp van 'n wattepluisie.

As u meer SEPTADINE® ORALE ANTISEPTIKUM gebruik het as wat u moes

As u meer gebruik as wat u moet, sal behandeling daarvan afhang van die simptome wat u ervaar.

Raadpleeg u dokter of apteker in geval van oordosering. As nie een beskikbaar is nie, kry hulp van die naaste hospitaal of vergiftigingsentrum.

As u vergeet om SEPTADINE® ORALE ANTISEPTIKUM te gebruik

Die uitwerking van die oorslaan van 'n dosis **SEPTADINE® ORALE ANTISEPTIKUM** is nie bepaal nie.

As u ophou om SEPTADINE® ORALE ANTISEPTIKUM te gebruik

Raadpleeg u dokter of apteker as u onseker is wanneer om op te hou om **SEPTADINE® ORALE ANTISEPTIKUM** te gebruik.

4. MOONTLIKE NEWE-EFFEKTE

Nie al die newe-effekte wat vir **SEPTADINE® ORALE ANTISEPTIKUM** aangemeld is, is in hierdie blad opgeneem nie. As u algemene gesondheidstoestand versleg of as u enige newe-effekte ervaar terwyl u **SEPTADINE® ORALE ANTISEPTIKUM** gebruik, moet u u gesondheidsorgverskaffer asseblief om advies raadpleeg.

Indien enige van die volgende voorkom, moet u ophou om **SEPTADINE® ORALE ANTISEPTIKUM** te gebruik en onmiddellik vir u dokter sê of na die ongevalle-afdeling van u naaste hospitaal gaan:

- Swelling van die gesig, lippe, mond, tong of keel wat probleme met sluk of asemhaling kan veroorsaak(angioedeem)
- Veluitslag of jeuk (pruritus)
- Jeukerige veluitslag (urtikaria)

Dit is baie ernstige newe-effekte. As u dit ervaar, kan dit wees dat u 'n ernstige allergiese of ander tipe reaksie op **SEPTADINE® ORALE ANTISEPTIKUM** gehad het. Dit mag wees dat u dringende mediese aandag of hospitalisasie nodig het.

Sê dadelik vir u dokter of gaan na die ongevalle-afdeling van u naaste hospitaal as u enige van die volgende opmerk:

- As u aan 'n skildklierafwyking ly en enige veranderinge opmerk.

Dit is almal ernstige newe-effekte. Dit mag wees dat u dringende mediese aandag nodig het.

Sê vir u dokter as u enige van die volgende opmerk:

Newe-effekte met onbekende frekwensie:

- Hoofpyn
- Naarheid

- Braking

As u enige newe-effekte opmerk wat nie in hierdie blad genoem word nie, moet u u dokter of apteker asseblief in kennis stel.

Aanmeld van newe-effekte

Praat met u dokter of verpleegkundige as u newe-effekte kry. U kan newe-effekte ook by SAROG ("SAHPRA") aanmeld *via* die vorm "6.04 Adverse Drug Reaction Reporting Form" wat aanlyn by SAHPRA se publikasies gekry kan word:

<https://www.sahpra.org.za/Publications/Index/8>. Deur newe-effekte aan te meld, kan u help om meer inligting oor die veiligheid van **SEPTADINE® ORALE ANTISEPTIKUM** te gee.

5. HOE OM SEPTADINE® ORALE ANTISEPTIKUM TE BÊRE

Hou alle medisyne buite bereik van kinders.

- Bêre by of onder 25 °C. Beskerm teen lig.
- Moenie in die badkamer bêre om teen lig te beskerm nie.
- Moenie medisyne na die vervaldatum op die etiket gebruik nie.
- Gee alle ongebruikte medisyne terug aan u apteker.
- Ongebruikte medisyne moet nie in dreinerings- of rioolstelsels (bv. toilette) gegooi word nie.

6. INHOUD VAN DIE PAK EN ANDER INLIGTING

WAT SEPTADINE® ORALE ANTISEPTIKUM BEVAT

Die aktiewe bestanddeel is povidoonjodium.

Elke 100 ml bevat: Povidoonjodium 1,00 g (1% *m/v*) gelykstaande aan 0,1% *m/v* beskikbare jodium.

Bevat 8,5% *v/v* alkohol

Suikervry, kunsmatig versoet.

Die ander bestanddele is:

Watervrye dinatriumwaterstoffsfaat, watervrye sitroensuur, etanol, poliëtileenglikol 400, gesuiwerde water, natriumsakkarien

Hoe SEPTADINE® ORALE ANTISEPTIKUM lyk en die inhoud van die pakkie

SEPTADINE® ORALE ANTISEPTIKUM is 'n helder donkerbruin waterige oplossing met 'n kenmerkende jodiumreuk en 'n aangename geur.

Bottels met 200 ml of 2,5 liter.

Houer van registrasiesertifikaat

Ranbaxy Pharmaceuticals (Edms) Bpk

Lautreweg 14

Stromill, Uitbr. 1 1

Roodepoort

1724

Hierdie blad is laas hersien in

24 Augustus 2022

Registrasienommer

28/16.4/0650 (S.A.)

NS1 04/7/1620 (Namibië) 200 ml

GS 168/016 (Zambië) 200 ml